# DIE BANIER VAN JaHUaH

JaHUaH het vir ons vele "prentjies" wat die kernwaarhede in die Woord uitbeeld, in sy Woord versteek. Dis veral volop in die Torah wat Moses opgeteken het, omdat dit in die antieke prentjieskrif van Hebreeus geskryf is.

Ons moet **nie net letterlik lees nie**, maar ons moet ook die **woordprentjies lees**. Dis versteek om egtheid te kan onderskei, soos wat die watermerk in geld ook is. Hierdie woordprentjies leer vir ons hoe om ons geloof toe te pas. Dit bevestig ook vir ons geestelike waarhede op 'n fisiese wyse, m.a.w., dit bevestig en ontplooi vir ons o.a. die Nuwe/Hernude Testament.

**JaHUsha as Messias** en **Sy Koninkryk van die Hemel** is die kernwaarhede van bevestiging.

So verstaan ons dan 'n **geestelike** waarheid uit 'n **fisiese oogpunt**. Mens sou kon aanvaar dat JaHUaH wou seker maak dat Sy waarhede nie gesteel word deur die vyand nie. Die slang kom nog steeds om dit wat JaHUaH gegee het, by die mens weg te roof deur sy misleidende verklarings van die Skrif.

Hy kom graag vir jou baie subtiel net 'n vragie vra soos wat hy vir Eva gevra het in Gen. 3:1.

> "**Is dit ook so dat Elohiem gesê het** ……"

So **saai hy twyfel** in jou hart aangaande die Woord, veral deesdae aangaande die Nuwe/Hernude Testament.

Hy fokus veral daarop om die **verlossing deur JaHUsha** van ons af weg te neem. Hy soek naarstiglik na die siele van mense. Maar JaHUaH is die wàre **Sielesoeker** en Hy is ook die **Bewaarder** van diegene wat hulleself aan Hom oorgegee het, soos die prentjie van die Banier van JaHUaH ons sal wys.

In Ex. 17 kry ons twee van hierdie woordprentjies. Die een komplementeer die ander. Dis soos twee kante van dieselfde muntstuk. Dit handel ten eerste oor die **Verlossing** wat **JaHUsha** as die **Messias** vir ons kom bewerk het en tweedens oor die **Heerskappy van Sy Koninkryk.**

**Eerstens** dan, word die verlossing van die sondaar uitgebeeld. **As sondaars word ons gered** uit die Koninkryk van Duisternis, onder die mag van Satan uit, wanneer ons **JaHUsha as die Messias aanvaar**. Dis wanneer ons wedergeboorte ervaar en ons ons dan bevind in die Koninkryk van Lig, onder die heerskappy van JaHUsha, maar nou beleef ons voortdurende aanvalle van die vyand. Hy wil ons elimineer of terug wen vir sy koninkryk.

Die **tweede** woordprentjie toon ons dan hoe ons in **oorwinning** kan staan **vanuit die Hemelse Koninkryk,** aangesien **JaHUaH reeds die vyand verslaan het**. JaHUaH het vir ons Sy **banier van oorwinning** gegee in hierdie woordprentjie.


Die banier van JaHUaH kom uit Exodus 17:8 – 16, maar ons gaan eers kyk na die woordprentjie wat dit vooraf gaan, naamlik diè van die water uit die rots in Exodus 17:1 – 7.

1. **DIE PRENTJIE VAN DIE ROTS EN DIE STAF**

Die volk is in die woestyn en hulle is uiters dors, maar daar is geen water nie. Hulle twis sò met Moses dat hy vrees vir sy lewe en baie desperaat sy toevlug tot JaHUaH neem (Ex. 17:1 -4).

> Ex. 17:5 – 6 "En JaHUaH het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem **jou staf** waarmee jy **die Nyl geslaan het**, in jou hand en gaan weg.
> Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die **rots slaan**, en daar sal **water** uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel."

Aangeheg is 'n foto van 'n rots wat 'n goeie **voorstelling** kan uitmaak van hoe die **rots** by Horeb **moontlik** kon gelyk het (dalk kan mens nie met sekerheid sê dat dit wel die spesifieke rots was nie). Dis 'n foto wat Penny Cox Caldwell geneem het. Die foto kom uit haar boek: "THE GOD OF THE MOUNTAIN, the true story behind the discoveries at the real mount Sinai".



**Stel jouself voor** hoedat Moses en die oudstes daar staan in die teenwoordigheid van JaHUaH en hoedat hy die rots slaan met sy staf en dit dan in twee skeur en hoedat **water uit daardie gesplete rots uitvloei**.

> Ps. 78:15 - 16 "Hy het **rotse gekloof in die woestyn** en *hulle* oorvloedig laat drink soos uit watervloede. En Hy het **strome laat uitgaan uit die rots** en die **waters laat afloop soos riviere**."

Rots is "tzur" (צוּר) in hebreeus. As mens elkeen van die lettertjies waaruit dit bestaan volgens hulle prentjieskrif ontleed, is daar vir ons 'n kosbare simboliek aangaande die rots.

> **צ** = tzaddi (צָדִי) bevat die drie letters wat die wortel uitmaak van die woord tzaddik (צָדִיק) wat **regverdig** beteken.
>
> **ו** = waw is 'n verbingsletter wat 'n spyker/pen kan wees wat ook **deurboor**
>
> **ר** = resh is die prentjie van 'n man se kop en dui op die begin van iets, of die hoof van 'n plek, 'n leier**,** 'n aanvoerder en ook **'n vors of 'n prins**.

**צוּר** (tzur) beeld dan uit dat:

- **'<u>n Regverdige Vors/Prins deurboor word</u>**.

Wat of liewer Wie, Moses dan in 'n demonstrasie geslaan het, was die Koning-Priester, die MelekTzadek (Melgisèdek). Die slaan-aksie het tot gevolg gehad dat die rots water laat uitvloei het. Dit simboliseer die lewende water waarvan JaHUsha so baie gepraat het. Hy is ook geslaan sodat Sy bloed waarin Sy lewe was, gevloei het.

Dit was verbode om bloed te eet, omdat die lewe van die dier daarin is, so ook by die mens.

> Lev. 17:10 – 11 "En elkeen uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat onder hulle vertoef, wat maar enigsins bloed eet – teen die een wat bloed eet, sal Ek my aangesig rig en hom uitroei onder sy volk uit.
> Want **die siel** ***("life" in Engels)*** van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel."

Geestelik gesproke **moet ons wel die bloed drink van JaHUsha** omdat die lewe wat in Hom is, vir ons dan die ewige lewe sal gee.

> Joh. 6:53 – 54 "En JaHUsha sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.
> **Hy wat my vlees eet en my bloed drink, <u>het die ewige lewe</u>**, en Ek sal hom opwek in die laaste dag."

Sodoende **verbind Hy Homself** in 'n Verbond met elkeen wat daardie lewende water drink, naamlik elkeen wat in geloof die **lewe wat in Sy bloed is "drink"** tot vergifnis want sondes, want sonder bloedvergieting is daar geen vergifnis nie.

> Heb. 9:22 "En byna alles word met bloed gereining volgens die wet, en **sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie**."

Dit is wat die water uit die rots uit gesimboliseer het. **Elkeen van Sy volgelinge** wat na Hom sou **opgekyk** het terwyl Hy aan die folterpaal gehang het, sou geweet het **dat Hy hulle Hoëpriester was**, naamlik **Melgisèdek**.

> Jes. 53:5 – 6 "Maar Hy is **ter wille van ons oortredinge <u>deurboor</u>**, ter wille van **ons ongeregtighede** is Hy **<u>verbrysel</u>**; die **straf** wat vir ons die vrede aanbring, **was op Hom**, en deur sy wonde het daar vir ons **genesing** gekom.
> Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar JaHUaH het die ongeregtigheid van ons almal **op Hom laat neerkom**."

> 2 Kor. 5:21 "Want Hy het Hom wat **geen sonde geken het nie**, sonde **vir ons** gemaak, sodat ons kan word **geregtigheid** van Elohiem **in Hom**."

> 1 Pet. 2:24 "wat self **ons sondes** in sy liggaam op **die folterpaal** gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; **deur wie se wonde julle genees is**."

Hyself is dus die enigste plek waar ons die **water van die lewe** kan kry soos wat JaHUsha self vir die vrou by die put gesê het in Joh. 4:13 -14.

> "JaHUsha antwoord en sê vir haar: Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
> Maar **elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee**, sal **in ewigheid nooit dors kry nie**, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n **fontein** van water wat **opspring tot in die ewige lewe**."

> Joh. 6:35 "En JaHUsha sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en **<u>wie in My glo</u>** sal **nooit dors kry nie**."

> Joh. 7:37 "….. As iemand **dors** het, laat hom na M**y** toe kom en drink!
> **Hy wat in My glo**, soos die Skrif sê: **strome van lewende water sal uit sy binneste vloei**."

> Open. 22:17 "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom **wat dors het**, kom; en laat hom wat wil, die **water van die lewe neem, verniet**."

Ons lees ook van 'n skeur in die rots (**Tzur**) in Ex. 33:22 waar Moses skuiling gekry het, toe JaHUaH se heerlikheid by hom verby gegaan het. Die Rots is ook hier 'n tipe van **JaHUsha, die MelekTzadek** (die Regverdige Prins) wat **geskeur** sou word.

> "En as my heerlikheid verbygaan, sal Ek jou in **die skeur van die rots** stel en jou met **my Hand** oordek totdat Ek verby gegaan het."

Nie net is die **Skeur van die Rots** hier simbolies van **JaHUsha as Messias** nie, maar ook **Sy Hand** waarmee Hy Moses verberg het, het gedui op JaHUsha (Ps. 138:7, Matt. 22:44). **Hy het Moses in JaHUsha die Messias versteek.**

JaHUsha die Messias is ook die Rots (Tzur) waarop die gelowige sy huis moet bou, deur te luister en te doen soos wat Hy sê.

> Matt. 7:24 "Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op **die Rots** gebou het."

Hy is die Geestelike Rots waaruit die volk gedrink het in die woestyn waarvan 1 Kor. 10:4 getuig.

> "en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit **'n geestelike rots** wat gevolg het, en **<u>die rots was die Messias</u>**."

Hy is die Steen van aanstoot en die **Rots van struikeling** in 1 Pet. 2:7 wat deur die bouers verwerp is. Die Steen van aanstoot is die Koninkryk, maar later meer daaroor.

> "Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges *geld die woord*: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen van aanstoot en **'n Rots van struikeling** –"

Ons moet egter waak om nie die Messias twee maal te slaan soos wat Moses gedoen het in Num. 20:7 – 13. Hy moes met die Rots gepraat het, toe slaan hy dit, nogal twee maal.

Die eenmalige offer van die Messias is vir ewig. Hy word nie herhaaldelik geoffer nie.

> Heb. 9:24 "Want die Messias het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van die Almagtige vir ons te verskyn; ook nie om Homself **dikwels te offer**, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, **want dan moes Hy dikwels gely het** van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het **<u>Hy een maal</u>** in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen."

Wie is dit wat in hierdie dae 'n fisiese tempel wil bou om **weer te offer**? Laat ons werklik weer mooi besin aan watter kant ons ons wil skaar. Moses kon nie in die Beloofde Land ingegaan het nie, as gevolg van sy verkeerde demonstrasie.

Ons moet met die Messias **praat,** tot Hom bid, ons **vertoue op Hom stel in geloof**. Hy is reeds een maal geslaan ter wille van ons.

Ons het reeds toegang tot Hom, nou wil Hy 'n verhouding met ons hê. Ons moet Hom ook nie tot skande maak en weer folter wanneer ons eenmaal die verligting van Sy hemelse gawe gesmaak het nie, deur distels en dorings voort te bring nie.

> Heb. 6:6 " ….. – om diè weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van Elohiem **weer te folter** en openlik tot skande maak."

Die staf waarmee Moses die rots moes slaan is baie ryk aan betekenis. Was dit 'n simbool vir Satan of was dit 'n simbool vir JaHUaH?

**Moses se Staf**

Moses se staf is ‘n simbool van **die folterpaal** waaraan JaHUsha die Messias sou sterf. Dit was aan die paal waar Hy verskeur en verbrysel sou word, in ons plek, omdat ons nie die Verbondsooreenkoms as nasate van Abraham in die geloof gehou het nie.

Nàdat en òmdat Hy weer uit die dood uit opgestaan het, het Hy oorwinning behaal oor die folterpaal. Die folterpaal was die weg waardeur Hy die dood oorwin het en gesag daaroor gevestig het.

> Fil. 2:6 – 11 “Hy, wat in die gestalte van Elohiem was, het dit geen roof geag om aan Elohiem gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ‘n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as ‘n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die **dood van die folterpaal**.
> **Daarom** het Elohiem Hom ook uitermate **verhoog** en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is, sodat **in die naam van JaHUsha** sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat **JaHUsha die Messias JaHUaH is** tot heerlikheid van Elohiem die Vader.”

Hierdie **folterpaal** wys heen na die staf van Moses wat ‘n slang geword het en daarna weer ‘n staf. Dit het daar en dan verander vanaf ‘n gewone herderstaf, na **die Staf van Elohiem**.

Dit is simbolies van **JaHUaH se Instrument** (JaHUsha) waarmee Hy tekens gedoen het en Verlossing bewerkstellig het. Die folterpaal is dus nie Satan se simbool nie. Ook het JaHUsha **self** sy lewe afgelê, dis nie van Hom afgeneem nie.

> Joh. 10:17 – 18 “Daarom het die Vader My lief, omdat **Ek my lewe aflê** om dit weer te neem.
> **Niemand neem dit van My af nie**, maar Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer teneem. Hierdie gebod het Ek van My Vader ontvang.”

Die Staf is ook die simbool van die folterpaal waardeur Hy **heerskappy** en **gesag gevestig het.** Mens sou kon sê dat: **JaHUsha vanaf die folterpaal heers**.

Sy heerskappy word uitgeoefen op grond van **Sy Woord**, soos die amandeltak wat Jeremia gesien het.

> Jer.1:11 – 12 “Verder het die woord van JaHUaH tot my gekom en gesê: Wat sien jy, Jeremia?
> En ek antwoord: Ek sien **‘n amandeltak**.
> Toe sê JaHUaH vir my: Jy het goed gesien, want **Ek is wakker oor my woord om dit te volbring**.”

Die vyand wou die priesterkap by Aäron gesteel het, maar deurdat die staf van Aäron begin het om die gesag van JaHUaH te vertoon soos wat Jeremia dit hier gesien het as ‘n amandeltak, is die ware priesterskap geopenbaar. Dit het getoon **wie** JaHUaH **afgesonder het** vir Sy werk.

Dit is ook hoe die Messias onderskei sal word van die Anti-Messias, naamlik: **Wie is die een wat op die folterpaal was?**

Die folterpaal is daardie einste staf wat begin blom het soos ‘n amandelboom. In ‘n tyd waar daar daadwerklik gepoog word om JaHUsha as ons Hoëpriester van ons weg te neem, gee Hy vir ons Sy

duidelike teken van wie Hy afgesonder het as Hoëpriester, naamlik JaHUsha wat vasgemaak was aan daardie Staf van JaHUaH.

Hierdie staf van Aäron, het in die Allerheiligste beland nà die twis oor leierskap in Numeri 16.

> Num. 17:8 "En toe Moses die volgende dag in die tent van die Getuienis ingaan, kyk, daar het die staf van Aäron, vir die huis van Levi, gebloei: dit het bloeisels laat uitspruit en blomme laat oopgaan en **amandels** laat ryp word!

Dit is daarnà by die Ark van die Verbond gebêre. Die folterpaal/staf is **'n Verbondsimbool**. Dit word bewaar in die Allerheiligste. Dis in 'n hemelse plek.

> Num. 17:10 "Daarop het JaHUaH vir Moses gesê: Bring die staf van Aäron terug voor die Getuienis om **dit te bewaar** <u>**as teken**</u> vir die wederstrewiges, en bevry My eindelik van hulle murmureringe, dat hulle nie sterwe nie."

'n Teken is "**oth**" (**אות**) in Hebreeus (Strong's 226). Dit het ook die betekenis van 'n "baken, monument" of selfs 'n "**vlag**".

Die Hebreeuse woordjie "oth" bestaan uit 'n alef (**א**), 'n waw (**ו**) en 'n tav (**ת**). JaHUsha is die Alef (**א**) en die Tav (**ת**), die eerste en laaste letter van die Alefbet. In Open. 1:8 staan daar die "Alfa en Omega", maar dit is Grieks. JaHUsha is as 'n Hebreër gebore en Sy woorde is so in Grieks vertaal.

> Open. 1:8 sou dus so moes lees: "**Ek** is die **Alef en die Tav**, die begin en die einde, sê JaHUaH, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige."

Die Alef is 'n simbool van Elohiem en die Tav is **Sy teken**, byna soos 'n handtekening soos wat **Sy Verbond** met ons is. Die Waw verbind die Alef en Tav. Dus: Elohiem is **verbind** aan **Sy teken** (Sy "oth") deur <u>die "waw"</u>, wat ook die **spyker is wat Hom deurboor het**.

Anders gestel: Die "wav" (**ו**) wat tussen die Alef en Tav staan, is **die spyker** wat **die AlefTav deurboor het**. **JaHUsha**, <u>die Alef endie Tav wat deurboor is</u>, is die "**teken**"of handtekening van JaHUaH.

Om dit weer te beklemtoon: Die staf wat bewaar moes word as 'n "teken" (Num.17:10) het aangedui dat JaHUaH **Aäron vir die priesterwerk afgesonder het**. Die Staf van Moses of dan die **Folterpaal, is die "teken"** dat JaHUaH JaHUsha die Messias afgesonder het as **ons groot Hoëpriester**.

> Heb. 4:14 – 16 "Terwyl ons dan **'n groot Hoëpriester** het wat deur die hemele deurgegaan het, *naamlik* **JaHUsha, die Seun van Elohiem**, laat ons die belydenis vashou.
> Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, *maar* sonder sonde.
> <u>Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word</u>."

Die Staf is dan ook die **Septer** van die **Koninkryk van die Hemele**. Dit voer die **Woord van JaHUaH** uit.

In Ex. 4:3 – 4 het Moses se staf 'n slang geword, en weer 'n staf. Dit was hier geopenbaar as die Staf van Elohiem, waarmee hy **die mag van JaHUaH** moes openbaar, op grond van Sy Woord.

> Ex. 4:17  "Neem dan hierdie staf in jou hand waarmee jy **die tekens** moet doen."

Met die staf is die **Nyl se water ook in bloed verander** (Ex. 7:19 – 20) en het Moses ook die **see gekloof** (Ex. 14:16).  Dis met hierdie staf van JaHUaH waarmee hy hier in Ex. 17:6 **die rots moes slaan**.

> Ex. 17:5  "En JaHUaH het Moses geantwoord:  Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam;  en **neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het**, in jou hand en gaan weg."

Heb. 1:7 bevestig die Septer van **die Seun,** van **JaHUsha**, die **Koning van Geregtigheid**.

> "maar van **die Seun**:  U troon, o Elohiem, is tot in alle ewigheid, **<u>die septer</u> van u koninkryk is 'n regverdige septer**;"

Num. 24:17 het geprofeteer van hierdie septer.

> "Ek sien hom, maar nie nou nie, ek aanskou hom, maar nie naby nie:  'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en **'n Septer kom uit Israel op**, en hy verbrysel die slape van die hoof van Moab en werp al die oorlogsugtiges omver."

Wanneer Hy kom om die Koninkryk van die Duisternis te vernietig in Open. 19:11 – 16, sal d**ie Woord van Elohiem** se septer 'n **ystersepter** wees, terwyl dit ook die Swaard van die Gees is.

> "Toe het ek die hemel geopend gesien;  en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.
> En sy oë was soos 'n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone;  en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.
> En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is:  **Die Woord van Elohiem**.
> En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.
> En **uit  sy mond gaan daar 'n skerp swaard** om die nasies daarmee te slaan;  en Hy sal hulle met **'n ysterstaf** regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van Elohiem, die Almagtige.
> En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is:  Die Koning van die konings en die Meester van die meesters."

Daar teenoor sê die Woord dat die **vyand se septer** nie sal heers oor die gelowige se erfdeel nie.

> Ps. 125:3  "Want die **septer van goddeloosheid** sal nie rus op die erfdeel van die regverdiges nie …….. "

Mens kan nou verstaan waarom die towenaars en hekse toorstokkies ("wands") het.  Duisternis aap alles na wat vir hom 'n bedreiging is, om sodoende mense te mislei deur hulle 'n **ander fokus** te gee.  Dis 'n strik, soos wat Nehustan was.

Nàdat die mense deur giftige slange gepik was, en hulle gered is deur die slang wat Moses op die paal/staf moes sit sodat hulle daarna kon opkyk, het hulle **die slang op die paal begin aanbid**.

> Num. 21:8 – 9 "Daarop sê JaHUaH aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe.
> Toe het Moses 'n koperslang gemaak en dit op die paal gesit: en **as 'n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koperslang,** het hy **in die lewe gebly**."

Maar dit het 'n afgod geword omdat mense verkeerd gefokus het, soos ons weer daarvan lees in 2 Konings. Die **objek** was nou **die fokus** en nie JaHUaH wat die verlossing sou bring deur JaHUsha nie.

> 2 Kon. 18:4 "Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en **die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp**, omdat die kinders van Israel tot op diè dag **daarvoor offerrook laat opgaan het**; en hy het dit **Neshustan** genoem."

Dit laat mens dink aan die fisiese voorwerpe wat sommige mense vandag vereer, bv. "die liggaam op die kruis" of ook kruise. Dit is ander gode en dit word verbied in Ex. 20:3.

> "Jy mag geen ander gode *(magtiges)* voor my aangesig hê nie."

Die paal waarop Moses die slang moes sit, was 'n "nes" (נֵס), in Hebreeus (Strong's H5251). Dit sluit aan by die **Banier van JaHUaH,** die **JaHUaH Nissi.**

Ons tweede woordprentjie in Ex. 17 is JaHUaH Nissi, die Banier van JaHUaH, in vers 8 - 16.

**2. DIE PRENTJIE VAN JaHUaH SE BANIER VAN OORWINNING**

Die definisie van 'n banier in die H.A.T. lees as volg:

> "Vierkantige vlag met leuse, naam, versiersels, ens., **aan 'n stok as veldteken** van 'n afdeling soldate….."

Ons is soldate of krygsmanne van die Messias en ons het 'n voortdurende stryd met die vyand (2 Tim. 2:3, Ef. 6:10 - 18).

Elke land het 'n banier en tydens oorloë en gevegte word dit gebruik om diegene wat in geveg is, te identifiseer. So sal 'n land of groep hulle **banier laat wapper** wanneer hulle 'n **oorwinning** behaal het en 'n gebied ingepalm het. Hulle ontplooi dan hulle **krygsbanier**.

JaHUaH het vir Sy volgelinge 'n oorwinning oor die vyand behaal. Hy het vir ons **Sy krygsbanier** gegee en gesê dat ons moet opkyk daarna (daarop fokus). Hy stry dus steeds vir ons die stryd vanuit 'n plek van oorwinning.

Watter stryd?

In Ex. 17, pas nàdat die Israeliete water uit die rots gekry het, het Amalek gekom om teen Israel te veg by Ràfidim. Amalek beteken o.a. "**warlike**, dweller in a valley" (Illustrated Manners and Customs of the Bible).

Amalek was Israel se bitterste vyand en is dit tot vandag toe nog. Amalek is **diè** vyand van die ware Israel, naamlik diegene wat JaHUsha as die Messias aanvaar het.

Raai wat? As jy die water van verlossing gesmaak het nadat jy uit Egipte gekom het en ook die songodaanbidding van Egipte geëien en verloën het, **wag daar 'n vyand vir jou**. Sy naam is Amalek.

In die woestyn is water 'n groot skat. Amalek wil jou water, **jou seën**, **jou eersgeboortereg** hê.

Waarvandaan kom Amalek? Wie was hulle toe en wie is hulle nou?

**Amalek**

Amalek is die nasate van Esau se seun Elifas, by sy byvrou, Timna.

> Gen. 36:12 "En Timna was 'n byvrou van **Elifas, die seun van Esau**; en sy het vir Elifas gebaar **Amalek**. … "

Esau is Edom.

> Gen. 36:1 "En dit is die geskiedenis van **Esau, dit is Edom**."

Edom beteken "rooi". Dit verwys ook na Esau en sy nakomelinge, want Esau was o.a. rooi en harig met geboorte. Esau beteken ook "harig".

> Gen. 25:25 "En die eerste is gebore – **rooi**, geheel en al soos 'n mantel van **hare**. Daarom het hulle hom Esau genoem."

Die "Illustrated Manners and Customs of the Bible" skryf die volgende oor Esau:

> "Eldest son of Isaac and twin brother of Jacob. He is the **progenitor of the tribe of Edom**. He sold his **birthright** to Jacob (Gen. 25:26-34, Gen. 27)".

Esau het **Kanaänitiese vroue** geneem. Hy het later weggetrek van Jakob af en in die gebergte Seïr gaan woon. Dit is in die omgewing van Petra in Jordanië.

> Gen. 36:6-8 "Toe neem Esau sy vroue en sy seuns en sy dogters en al die mense van sy huis, sy vee en al sy diere en al sy besittings wat hy in die land Kanaän verwerf het, en hy trek na 'n land, weg van sy broer Jakob af;
> Want hulle besittings was te groot om saam te woon, en die land van hulle vreemdelingskap kon hulle nie dra vanweë hulle vee nie.
> En **Esau het gaan woon in die gebergte Seïr. Esau,** dit is **Edom**."

Esau was gewelddadig en jaloers **omdat Jakob sy eersteboortereg verkry het** wat hy aan hom verkoop het vir 'n pot lensiesop. JaHUaH spreek oordele uit oor Esau of dan ook Edom, soos in Amos 1:11 – 12.

> "So sê JaHUaH: Oor drie oortredinge van **Edom**, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; **omdat hy sy broer met die swaard agtervolg het en sy jammergevoel verstik het, sodat sy toorn altyd verskeur en hy gedurigdeur sy grimmigheid behou.**

Daarom sal Ek 'n vuur slinger in Teman, en dit sal die paleise van Bosra verteer."

Dit is dus die ou stryd wat tussen Jakob en Esau was, wat hier voortgesit word. Die Israeliete was Jakob/ Israel se nageslag. In Maleàgie 1:2 – 4 spreek JaHUaH Hom uit oor Jakob en Esau.

> "…. Is Esau nie die broer van Jakob nie? Spreek JaHUaH. Tog **het ek Jakob liefgehad**, maar **Esau het Ek gehaat** en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn*prysgegee*.
> As **Edom** sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou – dan sê JaHUaH van die leërskare dit: **Laat hulle bou, Ek breek dit tog af**; en die mense sal hulle noem: **Grondgebied van goddeloosheid**, en: **Die volk waarop JaHUaH vertoornd is tot in ewigheid!**
> En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: Groot is JaHUaH oor die gebied van Israel."

Esau of Edom is die **manifestasie** van **Satan se koninkryk**, dis waarom JaHUaH hom haat, soos dit hier staan. Sy verbond is met Jakob/Israel.

Hierdie Edomietiese lyn het later in die Romeine vergestalting gevind. Al die Herodusse was Edomiete. In die NuweTestament is dit net anders gespel. Die plek Edom, is geskryf as **Idumèa** (Mark. 3:8) in die 1953 vertaling van die Afrikaanse Bybel.

Dit was Rome wat Edom "Petra" begin noem het. In JaHUsha se tyd was dit 'n vooruitstrewende **handelssentrum**. Die Romeine het gehelp om dit verder op te bou. Mark Anthony het dit vir Cleopatra as 'n geskenk gegee. Vandag is dit net 'n spookdorp, met baie toeriste, maar dit gee die leser 'n idee van Amalek, die nasate van Esau, die Edomiet.

Hulle was van altyd af baie bedrywig met **handel drywe** en pogings om **beheer oor ander nasies** te verkry.

Edomiete is vandag ook herkenbaar o.a. aan hulle liefde vir die kleur rooi, omdat **Edom "rooi"** beteken. Dink aan kommunistiese Rusland en kommunistiese China. Hulle laat natuurlik ook 'n rooi bloedspoor na.

Die Edomiete is die **Nuwe Wêreld Orde** van vandag, wat eintlik **'n baie ou orde** is. Selfs ouer as Amalek hier. Dit was al voor die vloed van Noag. Nà die vloed het die vyand weer alles in sy vermoë gedoen om daadwerklik te werk te gaan om die hele wêreld onder sy heerskappy te kry, soos wat **die slang** dit by Adam en Eva afgeneem het nadat JaHUaH hulle in Eden beveel het om oor die aarde en diere te heers (Gen. 1:26, 28) en daarom word hy die god van hierdie wêreld genoem in 2 Kor. 4:4.

JaHUsha het die Fariseërs en Sadduseërs "**Addergeslag**" genoem (Mat. 3:7). Net soos die slang, wou hulle hulle eie koninkryk vestig. Nog niks daarvan het verander nie.

Amalek het dit ook reggekry om hom so goed te **kamofleer** dat die meeste mense vandag net weet **vàn** die Nuwe Wêreld Orde, maar nie 'n goeie idee het **wiè** dit is nie. Die beste manier om jou te kamoefleer is om 'n beeld aan te neem van dit wat jou aanvaarbaar vir meeste mense sal maak.

As jy die masker opsit wat lyk soos diè van die Uitverkore volk, dan moet jy diegene wat wel aan daardie volk behoort, **jòù** naam gee. Daarom word **òns,** die nasies, veral diegene wat deur wedergeboorte Israel,

die Volk van JaHUaH is, **deur hulle** "Amalek"genoem, terwyl hulle hulleself **voordoen** as "Israel" daar in die Midde-ooste.

Die Woord is ook baie duidelik oor hierdie kamoeflering in Rom. 9:6.

> "Maar *ek sê* dit nie asof die woord van die Almagtige verval het nie; want **hulle is nie almal Israel** wat **uit Israel is nie**."

Wie is die ware Israel dan? Almal wat JaHUsha aangeneem het as Messias, soos die Skrif self verduidelik.

> Mat. 8:11 "Maar Ek sê vir julle dat **baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob** sal aansit in die koninkryk van die hemele."
>
> 1 Kor. 12:12 – 13 "Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, **so ook die Messias**.
> Want ons is almal ook deur **een Gees gedoop tot een liggaam**, of ons **Jode of Grieke is, slawe of vrymanne**; en ons is **almal van een Gees deurdronge**."
>
> Rom. 10:12 "Want daar is **geen onderskeid tussen Jood en Griek nie**; dieselfde JaHUaH tog is JaHUaH van almal en is ryk oor almal wat hom aanroep."

Die rolspelers wat hulle voordoen as JaHUaH se volk, word ook in die brief aan die gemeente van Smirna, in Openbaringe 2:9 ontmasker.

> " …… en die lasteringe van die **wat sê dat hulle Jode is** en **dit nie is nie**, maar **'n sinagoge van die Satan**."

Ook in die brief aan die gemeente van Filadelfia word die waarheid uitgewys aangaande diegene wat sê dat hulle Jode is.

> Open. 3:9 "Kyk, Ek gee jou uit **die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is** en **nie is nie, maar lieg** – Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het."

Is dit nie eienaardig dat hierdie twee gemeentes die enigste gemeentes is wat nie betig word nie, maar wel aangemoedig word. Hulle het Judaïsme onderskei.

Ek weet dat dit wat ek so pas gesê het, mense dalk kan skok, maar kyk tog na die video by die volgende internetadres. Die waarheid is baie eenvoudig en duidelik sowel asoordeelkundig aangebied. Ons kan nie versigtig wees vir 'n slang as ons hom nie kan sien nie. Dit is noodsaaklike inligting vir die eindtyd.

- https://www.youtube.com/watch?v=KE4Ess9NnDk

En ook hierdie kort video:

- https://www.youtube.com/watch?v=b0U202oh2D4

Ons moet aanhoudend **leerbaar** bly vir die waarheid.  Dis soos 'n stroom lewende water wat aanhoudend vloei.  Net soos water wat staan en dan verrot sodat niks daarin kan lewe nie, so is 'n onleerbare gees.  Dit aanvaar nie vars invloei van lewende water nie, maar val iewers vas om dan later net 'n skyn van godsaligheid te hê.  Dit is die ideale broeigrond vir vormgodsdiens.

As ons die waarheid nie ken of wil weet nie, sal ons al verder en verder mislei word, **sodat ons die Anti-Messias met ope arms sal ontvang**.  Tereg waarsku JaHUsha ons in Mat. 24:24.

> "Want daar sal valse messiasse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die **uitverkorenes** te **mislei**."

Die Nuwe Wêreld Orde is met ons in 'n geveg waarvan ons net bolangs bewus van is.  Dit manifesteer ook in jou persoonlike lewe, want die sisteme wat hulle wêreldwyd ingestel het, opereer sodanig dat almal van ons besig is om aan daardie piramides van Farao te bou soos die Israeliete van ouds.

Ons druk, nood en smarte om van dag tot dag 'n bestaan te kan voer is opstellings deur Amalek.  Hulle wil ons water hê, naamlik die **seën wat Abba vir Sy volk beloof het**.  Daardie seën van die eersgeborene wat Jakob gekry het, waarvoor Esau nog steeds baklei.

Daar is wel oorwinning in die stryd teen Amalek, net soos wat Josua en sy manne hier in Ex. 17 oorwin het.  Hulle het **opgekyk** na die **Banier van JaHUaH**, naamlik Moses, Aäron en Hur wat die staf van JaHUaH ophou.  Dit is 'n baie eenvoudige uitbeelding van die **Orde van Melgisèdek**.

Ons moet ook bly vertrou en opkyk na hierdie Banier van JaHUaH, totdat ons ook die oorwinning oor Amalek ervaar waarvan ons lees in Openbaringe.

> Open. 3:9  "Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en nie is nie, maar lieg – Ek sal maak dat hulle kom en voor **jou voete neerbuig** en **erken** dat **Ek jou liefgehad het.**"

Hier verwys dit ook na Mal. 1:2 – 4 waar JaHUaH gesê het dat Hy Esau haat en **Jokob lief het**.  Dit is **verbondstaal**.  Hier word geïmpliseer dat dit aan die einde baie duidelik sal wees wie die ware Israel is.  Dit is diegene wie Sy Bruid sal wees.

In Hooglied 2:4 sien ons dat hierdie **liefde** wat JaHUaH vir Sy volk het, ook juis **Sy Banier** is.

> " … sy **vaandel** oor my was **die liefde**."

Ons moet verstaan dat almal in Israel wat met JaHUsha in aanraking was, die geleentheid gehad het om Hom aan te neem as die Messias en Verlosser.  **Dààr het die skeiding gekom** tussen fisiese Israel (dus ook Jode) en geestelike Israel.   Elkeen wat Hom toe verwerp het, het die weg van die Anti-Messias gekies.  Die Jode wat Hom wel aangeneem het, soos sy dissipels, het deel geword van die **geestelike Israel** en van die **Jerusalem** <u>**daarbo**</u> (Gal. 4:24 – 26).

> Joh. 1:11 – 13  "Hy het na sy eiendom gekom, en **sy eie mense het Hom nie aangeneem nie**.
> Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om **kinders van Elohiem te word**, aan hulle wat in sy Naam glo;  wat **nie uit die bloed** of uit **die wil van die vlees** of uit **die wil van 'n man nie**, maar **uit Elohiem gebore is**."

Gal. 3:25 – 29  "Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie.
Want **julle is almal kinders van Elohiem** **<u>deur die geloof in die Messias JaHUsha</u>**;  want julle almal wat in die Messias gedoop is, het julle met die Messias beklee.
**Daar is nie *meer* Jood of Griek nie**, daar is nie *meer* slaaf of vryman nie, daar is nie *meer* man en vrou nie;  want julle almal een in die Messias JaHUsha.
En as julle aan die Messias behoort, **dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename**."

Wat beteken dit?  **Judaïsme** as 'n geloof **<u>wat die Messias JaHUsha verwerp</u>**, **is die <u>weg</u> van die Anti-Messias**, en dit moet **ten alle koste vermy word**.

Die **evangelie van JaHUsha die Messias en die Hemelse Koninkryk moet wel aan die mense verkondig word** wat in Judaïsme vasgevang is, hoewel daar getrag word om dit deur staatswette en Rabbynse beheer te verhoed.  Genadiglik is daar wel diegene wat tot geloof kom, deur die ingryping van die Gees, loof JaHUaH!

Die Koninkryk van die Hemele word dus vandag nog toegesluit vir die onskuldige mense op voetvlak deur die beheer van die Rabbies en die wette van die Staat Israel.

Juda en Efraim gaan nie bymekaar uitkom deur by Juda (Judaïsme) te gaan kers opsteek soos wat geglo word nie.  Kernwaarhede word daar verdraai om die skape te mislei.  Juda en Efraim het al bymekaar gekom in die Messias in Hand. 2.  Hulle kom bymekaar as 'n geestelike Israel in die Koninkryk van die Hemele **wanneer beide JaHUsha as die Messias aanvaar**.

Die wette van die Staat Israel en die beheer deur die Rabbies is een en dieselfde as diè van die Fariseërs en die Skrifgeleerdes.

Luk. 11:52  "Wee julle, **wetgeleerdes,** want julle het die **<u>sleutel</u> van die kennis <u>weggeneem</u>**;  self het julle nie ingegaan nie, **en vir die wat wou ingaan, het julle verhinder**."

Moenie dink mens gaan nie mislei word as mens by hedendaagse "Skrifgeleerdes" gaan aanklop nie. Mens klop aan 'n deur wat JaHUsha self toegemaak het.  Die **sleutel van kennis** gaan van mens **weggeneem word** sodat die **Koninkryk van die Hemele** (geestelike Koninkryk), se **deur** ook voor mens **toegemaak kan word** soos wat dit was vir die vyf dwase maagde.

Matt. 25:10 - 13 "En onderwyl hulle gaan om te koop, het die bruidegom gekom.  En die wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof, en die **deur is gesluit**.
Later kom toe die ander maagde ook en sê:  Meneer, meneer, maak vir ons oop!
Maar hy antwoord en sê:  Voorwaar ek sê vir julle, **ek ken julle nie**.
Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."

Wil ons die **Rabbies ken**, by hulle leer, of gaan ons deur die Gees geleer word uit ons geïnspireerde Skrif, die Woord JaHUsha die Messias en **deur Hom geken word**?

Joh. 6:45  "Dit is geskrywe in die profete:  En hulle sal almal **deur Elohiem geleer wees**.  Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, **kom na My toe**."

> 1 Joh. 2:27 – 28 "En die **salwing** wat julle van Hom ontvang het, **bly in julle**, en julle het nie **nodig dat iemand julle leer nie**, maar **soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie**; en soos diè julle geleer het, so moet julle in Hom bly."

'n Sluier van blindheid (die sluier van Moses, 2 Kor. 3:7 – 11) kom oor diegene wat hulle blindelings laat lei **deur die leringe van diegene wat ruimte maak vir die rabbies** en dit sluit ongelukkig die meeste van ons **leermeesters van die Messiaanse beweging** ook in. Daar kom waarheid, ja, maar dis **gemeng** met die leuen. Die leuen maak blind en skep 'n harde hart wat nie die waarheid kan aanvaar nie.

> Rom. 11:7 – 8 "Wat dan? **Wat Israel soek, dit het hy nie verkry nie**; maar die uitverkorenes het dit verkry en **die ander is verhard**.
> Soos geskrywe is: Elohiem het hulle gegee 'n gees van **diepe slaap**, **oë om nie te sien nie** en **ore om nie te hoor nie**, <u>tot vandag toe</u>."

Om deur die salwing van die Gees geleer te kan word, moet mens eers weer leer om daardie aangeleerde misleidende denkwyse af te skroef, voordat mens met die waarheid gevoed kan word. Dit neem tyd, maar waar daar 'n wil is by die gelowige, is daar altyd 'n weg by Elohiem.

> Joh. 16:13 "Maar wanneer Hy gekom het, die **Gees van die waarheid**, sal Hy julle **in die hele waarheid lei**; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die **toekomstige dinge aan julle verkondig**."

So, hierdie enkele kort sinnetjie in Ex. 17:8: "**Daarop het Amalek gekom om teen Israel by Ràfidim teveg**", het dus 'n reuse inhoud vir ons ook, tot vandag toe nog. Ons is dààr, by Ràfidim.


**Die Melgisèdek-prentjie**

Rafidim beteken: "beds, resting place, stays". Met ander woorde, net toe hulle wou ontspan en rustig wees, is hulle deur Amalek aangeval. Wat daarop volg is 'n woordprentjie van die Melgisèdekorde, naamlik die Banier van JaHUaH.

> Ex. 17:9 – 13 "En Moses het aan **Josua** gesê: Kies vir ons manne en trek uit, veg teen Amalek. Môre sal ek op die top van die heuwel staan **met die staf van Elohiem in my hand**.
> En Josua het gedoen soos Moses aan hom gesê het, om te veg teen Amalek. Maar Moses, Aäron en Hur het op die top van die heuwel geklim.
> En telkens as Moses sy hand ophou, was Israel die sterkste; maar as hy sy hand laat sak, was Amalek die sterkste.
> Maar die hande van Moses het swaar geword; daarom het hulle 'n **klip** geneem en dit onder hom neergelê, dat hy daarop kon **sit**. En **Aäron en Hur het sy hande ondersteun**, die een duskant en die ander anderkant. **So het sy hande dan <u>vas</u> gebly tot sononder**.
> En Josua het Amalek en sy volk met die skerpte van die swaard 'n neerlaag toegebring."

Nou moet ons hierdie prentjie mooi sien. Moses het gesê dat hy met die **Staf van Elohiem** in sy hand op die **heuwel** sou staan. Maar sy hande het moeg geword sodat dit **Aäron en Hur** was wat gestaan het soos die pilare Boas en Jagin, om Moses te ondersteun terwyl hy op die **klip** gaan sit het.

Ons moet hierdie prentjie ontleed om die waarde daaruit te kan haal. Eers kyk ons na die klip waarop Moses sit. Sien die volgende skets deur Elsa Verster vir duidelikheid.


Die Banier van JaHUaH (Ex 17)
Die Orde van Melgisédek
(Heb 8:1-13; 1 Pet 2:5,9 ; Op 1:6, 5:10, 20:6)
Moses se staf = Die bekragtiging
van die "My Verbond" deur die
bloed van JaHUsha die Messias,
op die Folterpaal (Heb 9:11-28)
Hur =
Koningskap
Aäron =
Priesterskap
persoonlike toepassing
van die "My Verbond"
Uit Juda, die koninklike stam
Uit Levi, die priesterlike stam
Mases = Die "My Verbond"
= Torah (Ex 19:5-6)
Pilaar Boas (1 Kon 7:21; Open 3:12)
Pilaar Jagin (1 Kon 7:21; Open 3:12)
Die Koninkryk
van die Hemele
Dan 2:35(b), 44
Sag 3:9
Joh 18:36
Hy sit
Ps 110:1
Matt 22:44
Heb 8:1
Klip ('even' in Hebreeus)
'even' = av + ben, dus "Vader + Seun"
("Seun wat vanaf die Vader kom")
Joh 5:43
Heuwel =
Altaar buite
die laer.
(Num 19:3
Joh 19:17
Heb 13:12)

**Die klip**

Die klip is ‘n simbool van die Koninkryk van die Hemele waar die Vader deur die Seun regeer.

**Die klip** of **steen** is “even” (**אֶבֶן**) in Hebreeus. Dis ‘n samestelling van “av” (**אָב**), wat “vader” beteken en “ben” (**בֵן**), wat “seun” beteken.

Die “avben”- klip .... Die Vader- en- Seun-klip. Die Vader is JaHUaH en die Seun is ook JaHUaH, omdat die Seun gekom het in die Naam van die Vader. Dis een en dieselfde “klip”.

> Joh. 5:43 “**Ek het gekom in die Naam van my Vader**, en julle neem My nie aan nie. As ‘n ander een in sy eie naam kom, hom sal julle aanneem.”

Die prentjieskrif beeld uit dat:

> “die Pa **die sterk Een in die huis** (av) is en die Seun **die voortsetting van die huis is** (ben)”.

Dit spel die volgende uit:

> “Elohiem (Pa) se **Koninkryk** (huis) **is ewig deur die Seun** (voortsetting van die huis)”.

Vanaf die sondeval het die mens die duiwel as Vader totdat die mens weergebore word en JaHUaH as Vader verkry. As Satan jou vader is, woon jy in sy huis. As jy weergebore word deur die onverganklike saad van JaHUaH, word jy kind in **Sy huis** naamlik, **Sy ewige Koninkryk**.

Dis die **fondasie** waarop Moses sit om die geveg teen Amalek te voer. Moses, as die verteenwoordiger van die Volk, is verbind aan die **Vader <u>en die Seun</u>**. Hy is geroep en afgesonder deur JaHUaH in Ex. 3, om die volk uit te lei na die Beloofde land, naamlik Sy Koninkryk. Moses was die menslike instrument deur wie JaHUaH ‘n Verbond met die volk gesluit het om hulle sodoende af te sonder as Sy eiendom.

Dit was JaHUaH se verbond, die “**My-Verbond**”, soos Hy dit noem in Ex. 19:5.

In hierdie woordprentjie het JaHUaH dan reeds vir Israel die Koninkryk **aangebied** en twee hoofstukke later in Ex. 19:5 – 6, het Hy dit bevestig dat hulle vir Hom ‘n “**koninkryk van priesters** en ‘n **afgesonderde nasie**” sal wees as hulle “**<u>Sy</u> Verbond**” sou hou.

Dit is weliswaar baie gou weer van hulle af weggeneem toe hulle die Verbond wat Hy met hulle gesmee het, die “My Verbond” (Ex. 19:5), verbreek het met die aanbidding van die goue kalf.

Dit is waar ons geloof ontspring het. Wat hier uitgebeeld word, is die fondasie van ons geloof en ons moet dit verstaan. Ons geloof berus op die Orde van Melgisèdek.

Daarom het JaHUsha so baie gepraat van die Koninkryk van die Hemel. **Ons besef nie wat ons het nie**. Dit wat van die Israeliete weggeneem is nadat hulle gesondig het met die Goue Kalf, is weer vir ons aangebied naamlik, **Sy Koninkryk wat die hele aarde sal vul**. Hoe kosbaar is dit nie!

Hierdie klip waarop Moses sit, sal dan ook uiteindelik die klip word wat losraak vanaf die berg om **die beeld** wat die koninkryk van Satan voorstel, te vernietig.  Hierdie beeld is 'n voorstelling van **Amalek**, die Nuwe, maar ook eeue en eeue Oue Wêreld Orde van die Koninkryk van Duisternis.

> Dan. 2:34 – 35  "U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande **'n klip** *('even' in Hebreeus)* losraak wat **die beeld** getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het.
> Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie;  maar die klip wat die beeld getref het, **het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.**"

> Dan. 2:44 – 45  "Maar in die dae van diè konings sal die Almagtige van die hemel **'n koninkryk** verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie;  dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan-
> Net soos u gesien het dat sonder toedoen van *mense*hande 'n **klip** van die berg af losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het.  .....".

Dit is ook hierdie steen wat voor Josua neergelê is (Sag. 3:9), wat weereens die simbool van die Koninkryk is.  Dit word deur JaHUaH self voor Josua gelê omdat Josua 'n heenwysing is na die groot Hoëpriester JaHUsha (die MelekTzadik).  Hier word gesimboliseer dat die Priesterdom oorgedra en herstel sou word, hoewel dit in 'n geestelike sin sou wees.

> Sag. 3:9  "Want kyk, die **steen** *(even)* wat Ek voor Josua neergelê het – op die een steen is daar sewe oë;  kyk, Ek sal sy graveersel graveer, spreek JaHUaH van die leërskare, en Ek sal die skuld van hierdie land op een dag uitdelg."

Ons moet verstaan dat 1 Kon. 9:5 net kan waar wees as ons aanvaar dat die Koningskap nou geestelik is en dat dit opereer vanuit die Koninkryk van die Hemel wat ook geestelik is**.  Die fisiese het plek gemaak vir die geestelike**.  Dis 'n belangrike **sleutel** om te onthou as jy die leuen wil uitsif!

> "dan sal Ek **die troon van jou koningskap oor Israel vir ewig bevestig**, soos Ek jou vader Dawid beloof het deur tesê:  Daar sal vir jou **nooit** 'n man ontbreek op die troon van Israel nie."

Fisies is daar wel al vir duisende jare niemand op die troon nie, maar dis omdat die **Orde van Melgisèdek wel opereer** vana**f die Koninkryk van die Hemel!**

Die sewe oë is die Ruach (Gees) naamlik die sewe geeste van JaHUaH soos dit beskryf word in Jes. 11:2.  Sy Gees is aktief om die Koninkryk te bewerkstellig en die Plan van Verlossing te voltooi.

> Jes. 11:2  "en op Hom sal **die Gees van JaHUaH** rus, die **Gees van wysheid en verstand**, die **Gees van raad en sterkte**, die **Gees van kennis en van die vrees van JaHUaH**."

**JaHUsha** se **Koninkryk** sal gevestig word in die plek van die hedendaagse Nuwe Wêreldorde.  Hierdie "nuwe" en tog "baie ou orde" het gekom deur die Amalakiete, die Edomiete via Esau soos ons reeds gesê het.  Dis juis diè lyn waardeur die Anti-Messias sy weg berei om in die tempel in Jerusalem te kan sit.  Dis nog steeds Esau wat agter Jakob/Israel aan is.

Israel (Jisrael) beteken: **Hy sal heers as El**. Wanneer die **ware Israel** ("El se heerskappy") aangeval word, word die Koninkryk bedreig. Die Koninkryk wat nou nog 'n Hemelse Koninkryk is, sal op aarde kom manifesteer. Dit is die klip wat los raak uit die berg wat die hele aarde sal vul nadat dit alle wêreld koninkryke vernietig het, waarvan Daniël skryf.

**Dìt** is die klip waarop Moses sit, **die Koninkryk van die Almagtige**, en dit was op 'n heuwel.

**Die Heuwel**

Moses sit op die klip, wat op 'n heuwel is. **Die heuwel** is simbolies van **die altaar** waarop die rooi vers geoffer is**,** soos ons dit lees in Num. 19. Dit moes op 'n altaar **buite die laer** geskied het. **JaHUsha het die offer van die rooi vers kom vervul** volgens Heb. 13:10 – 13.

> "Ons het **'n altaar** waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde **deur die hoëpriester** in die afgesonderde plek ingedra word – hulle liggame word **buitekant die laer** verbrand.
> Daarom het JaHUsha ook, om die volk deur sy eie bloed af te sonder, **buitekant die poort** gely.
> Laat ons dan uitgaan na Hom toe **buitekant die laer** en sy smaad dra."
>
> Matt. 27:32 "En toe hulle **uitgaan,** kry hulle 'n man van Cirène, met die naam van Simon; hom het hulle gedwing om sy folterpaal te dra."
>
> Joh. 19:17 "En Hy het sy folterpaal gedra en **uitgegaan** na die sogenaamde Hoofskedelplek, in Hebreeus Golgota."

Die offer van die rooi vers was 'n versoening vir die aanbidding van die Goue Kalf wat in Ex. 32 sou plaasvind. Daarom het JaHUsha die **<u>gestolde</u> "My Verbond" <u>ontvries</u>**, toe Hy Sy lewe daar buite die laer afgelê het, terwyl Hy terselfdertyd die **tydelike** Levitiese "'n Verbond" gekanselleer het.

In hierdie woordprentjie hier in Ex. 17 het JaHUaH dan alreeds in Sy alwetendheid voorsiening gemaak dat daar versoening sou wees vir die feit dat "Sy Verbond" verbreek sou word.

**Moses**

Moses is natuurlik die Torah, en hier wel net **diè gedeelte van die Torah** waarin JaHUaH met Sy volk **Sy verbond** sou sluit volgens die Orde vanMelgisèdek in Ex. 19:5 – 6. Soos ons alreeds uitgewys het, word dit genoem: "**<u>My</u> verbond**".

> "As julle dan nou terdeë na my stem luister en **<u>M</u>y Verbond** hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.
> En julle sal vir my 'n **koninkryk van priesters** en 'n afgesonderde nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel."

Die Koninkryk van JaHUaH sal **opereer** volgens die Verbond wat Hy deur Moses met die volk gesluit het.

> "**My Verbond**" is dus die **Orde vanMelgisèdek**.

**Die staf van Moses**

Ons het reeds na Staf van Moses gekyk met die vorige woordprentjie. Dit dui weereens op die **volbragte werk** wat **JaHUsha ons Messias** vir ons op die **folterpaal** volbring het, waartydens Hy die "My Verbond" met Sy bloed bekragtig het in die Orde van Melgisèdek.Dit is ook die Swaard van die Gees,Sy Septer en Sy banier **wat dien as 'n teken**.

**Hur en Aäron**

Hur is die seun van Kaleb.

> 1 Kron. 2:19 "Toe Asùba gesterf het, het **Kaleb** vir hom Efrat geneem, en sy het vir hom **Hur** gebaar."

Hur beteken "well born, **noble**". Uit 2 Kron. 2 se geslagsregister kan mens sien dat Kaleb uit die stam van Juda kom, Kaleb is uit die saad van Juda.

Juda is die stam uit wie JaHUsha gebore sou word, m.a.w. die stam uit wie die Koning sou kom, daarom is dit 'n **koninklike** stam of "Royal tribe". Vandaar die betekenis van Hur se naam: "noble, well born". Hur het ook regsake hanteer soos 'n administrateur (Ex. 24:14).

Aäron beteken "lightbringer, rich, mountaineer". Hy was die **priester**. Die werk wat die priester gedoen het, het die geestelike duisternis verdryf, sodat hy 'n ligbringer was. Hy moes geregtigheid vir die volk bewerk deur offers. Hy was die middelaar tusssen JaHUaH en Israel.

**Aäron en Hur** simboliseer die **Koning-Priester**, die **MelekTzadek** of Melgisèdek in hierdie prentjie. Soos hulle die **hande** van Moses (die "My Verbond-Torah") in posisie hou, **verstewig** hulle die werk van die Messias. Hulle het **hulle hande** op die "My Verbond-Torah", op Moses, wat weer JaHUsha se volbragte werk **in sy** (Moses se) **hande** het as 'n <u>verhoogde Banier</u>.

Dit impliseer dat die Melgisèdekorde hier **toegepas word** (hande daarop) word. Dis waarna Josua en sy manne opkyk wanneer hulle veg. **Dìt is wat hulle die oorwinning laat behaal het**.

Hur en Aäron het vermoedelik **gestaan** terwyl Moses **gesit** het. Moses se **fondasie** (klip) was die Koninkryk wat deur die altaar buite die laer (heuwel) opgehou word. Aäron en Hur het **gestaan** soos **die twee pilare Boas en Jagin**in die tempel.

Die Hebreeus vir pilaar is: עַמּוּד (amoed). Die wortelwoord van עַמּוּד , is עָמַד (amad) wat beteken, "**om te staan**".

> 1 Konings 7:21: "En hy het **die pilare** opgerig by die voorportaal van die hoofvertrek. Toe hy die regterpilaar opgerig het, noem hy dit **Jagin**; en toe hy die linkerpilaar opgerig het, noem hy dit **Boas**."

Jagin beteken: **Hy sal vestig/oprig** (Strong's H3199), en

Boas beteken: **In Hom is sterkte** (Strong's H1162).

Jagin se wortelwoord is כּוּן (koen), wat beteken: "**to be erect**, to set up (lit/fig), firm, fixed, confirmed, frame, ordain, stable" (Strong's H3559).... en "koen" is 'n primêre wortelwoord waarvan die woord "**kohen**" (כֹּהֵן) duidelik familie is. Kohen is die woord vir **priester** in Hebreeus (Strongs's H3548).

Die Ancient Hebrew Lexicon of the Bible beskryf 'koen' sò:

> "Firm: **to set something firmly in place**, either **physically or with words**".

Dit is 'n baie mooi beskrywing van 'n geestelike pilaar, naamlik 'n priester. Jagin simboliseer dus die **priesterlike amp.**

Boas, wat uit die stam van Juda kom (Matt. 1:1, 5), simboliseer die **koninklike amp** (Gen. 49:10), **die sterkte is in Hom**. Die sterkste een is altyd die een wat heers, soos mens dit in die diereryk ook altyd sien.

Hierdie koninklike en priesterlike ampte staan inderdaad soos wagters voor hierdie gebou, die "tempel" van Melgisèdek om **met die sterkte wat in JaHUaH is** (Boas), **dit wat opgerig is** (Jagin), staande te hou.

Hulle is soos die **twee getuies** wat albei **saam getuig** oor die staf, naamlik die **Volbragte werk van die Messias**, wat Moses (die "My Verbond"- Torah) **ophou**.

> Deut. 19:15 "Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van **twee** of op die verklaring van drie **getuies sal 'n saak van krag wees**."

> Open. 11:4 "Hulle is **die twee olyfbome** en **die twee kandelaars** wat voor die Almagtige van die aarde **staan**."

En hoe bly ons as getuies staande? Deur die **geloof**, soos ons dit lees in Rom. 11:20.

> "Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, **maar jy staan deur die geloof**. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees."

Inderdaad word dit aan die Oowinnaars in die stryd teen Amalek voorgehou dat hulle soos 'n pilaar in die tempel sal wees.

> Open. 3:12 "**Wie oorwin**, Ek sal hom **'n pilaar** in die tempel van My Elohiem maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My Elohiem skrywe en die naam van die stad van my Elohiem, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my Elohiem neerdaal, en my nuwe Naam."

Ons word aangemoedig om weerstand te bied en staande te bly in die Skrif.

> Ef. 6:13 "Daarom, neem die volle wapenrusting van Elohiem op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, **staande kan bly**."

**Hande**

Moses se hande op die staf, en Aäron en Hur se hande weer op Moses se arms of hande, dui aan dat ons die Melgisèdek Orde moet aangryp en toepas as ons teen Amalek te staan kom.

Moses het skynbaar eers probeer om met net een hand die staf op te hou, omdat dit eers so geskryf staan in die enkelvoud. So kon hy sy hande verwissel het totdat albei dit nie meer kon hou nie.

> Ex. 17:11 "En telkens as Moses sy **hand** ophou, was Israel die sterkste; maar as hy sy **hand** laat sak, was Amalek die sterkste."

> Ex. 17:12 "Maar die **hand**<u>e</u> van Moses het swaar geword; … "

Met die ondersteuning van Aäron en Hur het sy hande **vas** ("steady" in Engels) gebly.

> Ex. 17:11(b) "En Aäron en Hur het sy hande ondersteun, die een duskant en die ander anderkant. So het sy hande dan **vas gebly** tot die sononder."

Die woord vir "**vasbly**" is "**emunah**" in Hebreeus (אֱמוּנָה). Die wortelwoord daarvan is "**aman**" (אָמַן), Strong's H539, wat beteken: "to build up, **support**".

Ons kry hierdie selfde woord in Hab. 2:4, waar dit vertaal is as "**geloof**".

> "…. Maar die regverdige, deur sy **geloof** *(emunah)* sal hy lewe."

Dit word in die MelekTzadekskrifte (N.T.) herhaal in Rom.1:17, Gal. 3:11 en Heb. 10:38.

> Heb. 10:38 "Maar die regverdige sal uit die **geloof** lewe; en as hy hom onttrek, het my siel geen welbehae in hom nie."

Om met **albei hande vas te gryp** <u>sodat dit vas bly</u>, is om met jou hele wese jou **vertroue te stel** op <u>die volbragte werk van JaHUsha op die folterpaal</u>. Dit is **geloof** en geloof is vertroue op die dinge wat nie sigbaar is nie.

> Heb. 11:1 "Die **geloof dan is 'n vaste vertroue** op die dinge wat ons hoop, **'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie**."

Om dus die hande aan die Orde van Melgisèdek te slaan soos Aäron en Hur, is **om geloof toe te pas**, dis om met jou volle gewig te vertrou op die Versoening wat deur JaHUsha ons Messias voltrek is.

> Heb. 11:6 "En **sonder geloof** is dit onmoontlik om Elohiem te behaag; want hy wat tot die Elohiem gaan, **moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek**."

> Jak. 1:6 "Maar hy moet **in die geloof bid, sonder om te twyfel**; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word."

Ons moet **fokus op die Bloedverbond**, nie op ons probleem nie. **Ons vertel vir ons probleem hoe groot ons Verlosser is** en ons vertel nie vir ons Verlosser hoe groot ons probleem is nie. **Ons wandel deur geloof** en nie deur aanskouing nie (2 Kor. 5:7).

Dan sal ons nie moed opgee nie, maar wag op die manifestasie van ons Melgisèdek se ingrype.

> 2 Kor. 4:16 – 18 "Daarom **gee ons nie moed op nie**, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag nà dag vernuwe.
> Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; **omdat ons nie let op die sigbare dinge nie**, maar **op die onsigbare**; want die sigbare dinge is tydelik, maar **die onsigbare ewig**."

Ons het immers 'n groot Hoëpriester, JaHUsha, ons Melgisèdek, wat vir ons die stryd stry sodat ons op die regte tyd gehelp kan word.

> Heb. 4:14 – 16 "Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik JaHUsha, die Seun van Elohiem, **laat ons die belydenis vashou**.
> Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.
> Laat ons dan **met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word**."

Terwyl Amalek dan sy hande aan die troon van JaHUaH slaan, fokus ons op ons groot Hoëpriester, want Hy stry vir ons soos wat Josua en sy manskappe dit hier gedoen het.

Hulle **het wel opgekyk na die heuwel, na die Banier van JaHUaH, en sodoende oorwinning behaal.**

Wie is Josua dan?

**Josua**

Josua was Moses se **opvolger** as leier van die volk Israel. Moses was die menslike instrument waarmee JaHUaH die volk uit die slawerny van Egipte gered het en daarna het hy die Torah van JaHUaH (die "My Verbond"), aan die volk bekend gemaak.

So het hy die volk bekend gestel aan die Messias JaHUsha, die lewende water. Dit som ons eerste Woordprentjie op.

Daarnà het hy **oorgegee aan Josua** wat die volk in die Beloofde Land moes inlei. Die Beloofde Land is 'n tipe van die Koninkryk, net soos wat die klip hier is. Dit is waarom Moses op die klip sit.

Terwyl Moses hom dan **berus** (sit) **op die fondasie van die Koninkryk** (klip), **veg Josua** en sy manne.

Die **"My Verbond"- Torah** word **oorgegee** aan **JaHUsha**, omdat **Hy die Lewende My-Verbond"-Torah is** en **so lei Hy ons dan in die Hemelse Koninkryk in.**

Josua was hier **'n tipe** van **JaHUsha.** Josua se naam soos ons dit vir die eerste keer in die Torah kry in Num. 13:16, is **יהושע** (Jahusha) in Hebreeus. Dis dieselfde as diè van ons Verlosser, JaHUsha soos ons dit lees in Matt. 1:21.

> "en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom **JaHUsha** *(vertaal as Jesus)* noem, <u>want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos</u>."

Die Naam JaHUsha bestaan uit twee Hebreeuse woorde, nl. JHUH + jasha.

"Jasha" (יָשַׁע) is 'n werkwoord wat al in onbruik geraak het, maar dit het die betekenis van:

> "om oop te wees, wyd, **vry**, m.a.w. veilig" (Strong's H3467).

Dit beteken dus "om te bevry of **om te verlos**".

Dus: יהוה + יָשַׁע = **יהושע** (JHUH + jasha = **JaHUsha**).

Die Naam JaHUsha verkondig dus **telkens** dat dit **JaHUaH is wat verlos**. JaHUsha is dus die "Josua" wat nou Sy volk in die Beloofde land, die Hemelse Koninkryk, inlei.

Diegene wat Hom verwerp, **sal nie** deur Hom in die Koninkryk ingelei kan word nie, soos wat Josua met die volk gedoen het toe hy hulle in die Beloofde Land ingelei het. Hulle sal dit verbeur.

Die Woord noem die Naam van JaHUaH 'n **gedenknaam**. Dit is soos 'n monument wat opgerig is wat Hom verteenwoordig, waaraan ons moet aandag gee. Dit bevat Sy Gees en Sy Verlossing en dis ewig.

> Ex. 3:15 "Toe sê Elohiem vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: JaHUaH, die Elohiem van Abraham, die Elohiem van Isak en die Elohiem van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my **gedenknaam van geslag tot geslag**."

> Ps. 135:13 "O JaHUaH, u naam is tot in ewigheid, **u gedenknaam, JaHUaH**, <u>van geslag totgeslag</u>."

Hier in Ex. 17, was dit Josua (JaHUsha) en sy manne wat geveg het terwyl Moses se arms met die staf omhoog gehou is. Josua-hulle **kyk op** na hierdie **Banier van Verlossing** wat Moses, Aäron en Hur hier ten toon stel.

Hulle kyk op na hierdie **monument** van **Sy gedenknaam** wat demonstreer dat dit **JaHUaH is wat verlos,** naamlik JaHUsha, deurdat die "My-Verbond"met die bloed van JaHUsha self bekragtig sou word op die folterpaal.

Daarom moet die vyand oorgee en die **knie buig** en **bely dat JaHUaH verlos**, dat JaHUsha die Messias is en dat Hy oorwin het.

Soos wat Josua-hulle **opkyk**, wend hulle hulle na JaHUaH vir redding, hulle **fokus op Hom met vertroue**. Hulle fokus in geloof op die **"My Verbond"** wat soos 'n oorwinningsvlag daar wapper.

> Jes. 45:22 – 23 "Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is Elohiem, en daar is geen ander nie.
> Ek sweer by Myself; geregtigheid gaan uit sy mond, 'n woord wat nie herroep word nie: dat **voor My elke knie sal neerbuig, by My elke tong sal sweer**."
>
> Rom. 14:11 "Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê JaHUaH, **voor My sal elke knie buig, en elke tong sal Elohiem bely**."

JaHUsha is JaHUaH (wat verlos), daarom word dieselfde Skrifgedeeltes ook oor Hom aangehaal.

> Fil. 2:10 "sodat **in die Naam van JaHUsha** sou **buig elke knie** van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en **elke tong sou bely dat JaHUsha Messias** JaHUaH is tot heerlikheid van Elohiem die Vader."

**Josua wat opkyk en die geveg** wen terwyl **Moses, Äron en Hur die staf ophou**, is dus twee beelde wat gelyk is aan mekaar. Dit opereer soos **'n skaal wat balanseer**.

As Moses nie die "My Verbond" (die staf) ophou nie, balanseer die skaal nie. Josua het dan niks om na op te kyk nie, dan wen Amalek. Ons het **wel** die Folterpaal as teken om na op te kyk. Ons het hierdie Banier van JaHUaH gekry.

**Die Banier van JaHUaH**

Nadat Josua Amalek oorwin het, kry Moses opdrag om dit neer te skrywe in Ex. 17:13 – 16. Dit is hoe die **Banier van JaHUaH** as 'n teken gehys en verewig is.

> "En Josua het Amalek en sy volk met die skerpte van die swaard 'n neerlaag toegebring.
> Toe sê JaHUaH vir Moses: **Skrywe** dit as **'n aandenking in 'n boek** en **prent dit Josua in**, dat **Ek** die **gedagtenis van Amalek onder die hemel heeltemal sal uitdelg**.
> En Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: **JaHUaH is my banier**.
> En hy het gesê: Waarlik, **die hand op die troon van JaHUaH**! Oorlog het JaHUaH teen Amalek van geslag tot geslag."

Amalek, Esau se nageslag, is nog steeds agter JaHUaH se troon aan, agter die Orde van MelekTzadek aan. Dit is Esau se nageslag teen Jakob se nageslag. Die Levitiese Orde (Esau) wil Jakob of dan, Israel (wat beteken: "Hy sal heers as El"), se **troonreg** steel.

Israel het koningskap en priesterkap vanaf JaHUaH gekry het (Ex. 19:5 – 6, 1 Pet. 2:9, Open. 1:6, Open. 5:10, Open. 20:6). Hulle sal saam met die Messias heers.

Amalek se hand is op die Troon van JaHUaH, lees ons hier in Ex. 17:16. Nou is dit geen geheim meer nie. Ons het 'n oorlog geërf, maar Abba het reeds vir ons gesorg vir Sy Banier van oorwinning oor Amalek.

Die kant wat die oorlog wen, se vlag word gehys. JaHUaH het gesorg dat Moses **Sy** (JaHUaH se) **Banier** hier **hys**. Hy is baie duidelik wanneer Hy sê: "**Prent dit vir Josua in** dat Ek die **gedagtenis van Amalek** onder die hemel **heeltemal sal uitdelg**".

Hy stel ons dus in staat om Amalek te oorwin deur op hierdie Banier, wat ‘n prent of **uitbeelding van Sy oorwinning is**, wat **reeds gehys** is, te fokus. Ons moet in vertroue daarna opkyk net soos wat die Israeliete moes opkyk na die slang wat Moses op die paal gesit het toe die slange hulle gebyt het.

JaHUsha het self hierdie voorbeeld bevestig in Joh. 3:14 - 15.

> “En **soos Moses die slang in die woestyn verhoog het**, so **moet die Seun van die mens verhoog word**, <u>sodat elkeen wat in Hom glo</u>, nie verlore mag gaan nie, maar <u>die ewige lewe kan hê</u>.”

Net soos wat Moses se staf in Ex. 4:1 – 4 in ‘n slang verander het, en **weer ‘n staf geword het**, net so het die Messias na die folterpaal gegaan, die sonde (gif) van die slang op Hom geneem, die volle prys van verlossing vir ons betaal, **om daarna weer <u>perfek opgewek</u> te word** (geen spore van ‘n slang meer nie).

> 1 Pet. 2:24 “wat self **ons sondes in sy liggaam op die folterpaal gedra het**, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; **deur wie se wonde julle genees is**.”

> Luk. 24: 5 – 7 “ ………….. Waarom soek julle die **Lewende** by die dooies?
> Hy is nie hier nie, maar Hy het opgestaan. Onthou hoe hy vir julle gesê het toe Hy nog in Galilèa was: Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en **op die derde dag opstaan**.”

Moses het ook ‘n altaar daarmee saam gebou soos ons dit lees in Ex. 17:14:

> “En Moses het **‘n altaar gebou** en dit genoem**: <u>JaHUaH is my Banier</u>**.”

‘n Altaar **verbind** die aardse tabernakel met die hemelse tabernakel, net soos wat ‘n vertikale paal dit ook probeer doen.

Die Banier is ook ‘n simbool daarvan. Dit bring die Koninkryk van die Hemel se heerskappy en oorwinning af na jou situasie.

Elkeen wat na JaHUsha kyk, na hierdie **Banier van JaHUaH** wat tussen die hemel en die aarde gehang het en **op Hom vertrou in geloof**, <u>sal gered word</u>. Hy kom **haal die gif van die slangbyt uit ons uit**, net soos daar in die woestyn.

Die Banier van JaHUaH is ‘n gedenkteken. Dit is **JaHUaH Nissi** (יהוה נִסִּי) in Hebreeus.

Die banier “nissi” (Strongs’s 5251) is familie van die woordjie “nes” (נֵס) in Hebreeus.

“Nes” kom van die wortelwoord H5264 in die Strong’s, naamlik “nasas” (נָסַס). Dit beteken om **te glinster van ver af**; om **duidelik sigbaar te wees as ‘n teken**, soos **‘n wapperende vlag in die wind**. Dit is om ‘n baken te plant of om ‘n vlag te hys.

Ons moet haastig gaan, soos hierdie skrif sê. JaHUsha se heerskappy is regverdig want Hy is ons Koning van Geregtigheid, ons MelekTzadek, as die “seun of spruit van Dawid” soos ons dit lees in Jes. 11:1 – 5.

“Maar daar sal ‘n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra; en **op Hom sal die Gees van JaHUaH** rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van JaHUaH.
En Hy het **‘n welgevalle aan die vrees van JaHUaH**; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel; maar hy sal die aarde slaan met die roede van sy mond en met die asem van sy lippe die goddelose doodmaak.
En geregtigheid sal die gordel van sy lendene en trou die gordel van sy heupe wees.”


In Jes. 5:26 hys JaHUaH weer hierdie banier wanneer **Hy vir die nasies fluit** om hulle op te roep na Hom toe. As daar ‘n geveg is, moet jy weet om op die regte kant te fokus. Daar waar JaHUaH se Banier wapper.

Waar is dit? Dit is aan die kant van die Hemelse Koninkryk waar die Orde van Melgisèdek opereer. Hy roep na die nasies om Hom aan te neem as Messias en Verlosser.

“En Hy sal ‘n **banier ophef** vir die **nasies in die verte**, en Hy fluit vir diè *volk* daar **aan die einde van die aarde**; en kyk, gou, **haastig kom hulle**.”

**JaHUsha is soos ‘n banier wat gehys is** vir die gelowiges om hulle grondgebied (die Koninkryk) te kan eien, soos ons in hierdie selfde gedeelte lees, naamlik in Jes. 11:12.

“en **Hy sal ‘n banier ophef vir die nasies** en bymekaar laat kom die seuns van **Israel** wat verdryf is en versamel die dogters van **Juda** wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.”



Hoe het Juda en Efraim dan bymekaar uitgekom? **Deur JaHUsha**! Let weereens op dat dit dus **nie** op Juda (die "Jode") is wat ons moet fokus nie.

**JaHUsha die Messias, "**wapper" as **die Banier van JaHUaH**! Elkeen wat haastig na die Banier toe kom, sal kan rus in Hom, want Hy veg vir Sy volk, die geestelike Israel.

Pas net op, want Amalek doen hom ook voor as Israel. Soek na **diè Israel** wat **die Banier van JaHUaH verhoog,** naamlik **die Messias, JaHUsha!!!…………** Dan word vers 13 waar.

> "Dan sal die naywer van Efraim verdwyn, en die teëstanders van Juda sal uitgeroei word; Efraim sal Juda nie beny nie, en Juda sal Efraim nie benoud maak nie."
>
> Jes. 11:6 – 9 "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja.
> Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk.
> Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele afgesonderde berg nie; want **die aarde sal vol wees van die kennis van JaHUaH** soos die waters die seebodem bedek."

Die Hemelse Koninkryk van die Orde van MelekTzadek sal dan ook op die aarde heers. Dis nog nie so nie, maar **ons het reeds die banier wat vir ons wapper in Joh. 12:32**. JaHUsha sê self:

> "En Ek, **as Ek van die aarde verhoog word, sal almal na My toe trek**."

Die Levitiese, Rabbynse stelsel wat die Messias verloën, **<u>sien glad nie</u> die Banier van JaHUaH** nie. Net onder **die heerskappy** van **JaHUsha die Messias** sal daar **<u>vrede</u>** kan wees.

Ons het ook Sy belofte dat Hy vir ons die stryd sal stry.

> Ex. 14:13 – 14 "Maar Moses het aan die volk gesê: Wees nie bevrees nie, staan vas en aanskou die verlossing van JaHUaH wat Hy vandag vir julle sal bewerk; want soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nooit weer sien in ewigheid nie.
> **JaHUaH sal vir julle stry**, en julle moet stil wees."

**Samevatting**

Die vyand laat geen steen onaangeroer om die kinders van die Koninkryk van JaHUsha die Messias, te treiter nie. Die meeste van sy berekende aanvalle kom nooit eers by ons uit nie, omdat Abba hom nie toe laat nie.

Dit wat Hy wel toelaat is om jou **geloofspiere te bou** en om jou **naby aan Hom te hou** met jou **fokus** op **Sy Banier**, die volbragte werk van ons Messias. Dan is die aanvalle net 'n toets en 'n oefening of jy nog op Sy Banier **fokus** of nie. Daarom sê Jakobus ons moet bly wees as ons in beproewings is!

> Jak. 1:2 – 4 "Ag dit **louer vreugde**,my broeders, wanneer julle **in allerhande versoekinge** *(beproewinge)* val, omdat julle weet dat die beproewing van **julle geloof** lydsaamheid bewerk.

Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat **julle volmaak** en **sonder gebrek kan wees** en **in niks kortkom nie.**"

Die simboliek van die Banier van JaHUaH is vir ons 'n assosiasie om Amalek te kan oorwin van geslag tot geslag en dit is opgekrywe in die Woord as 'n Monument.

As mens daarop fokus in geloof, veg JaHUsha vir jou. Ons kan onsself vermoei deur oor te gaan in 'n rat van oorlogvoering en naarstiglik soek na dit of dat wat jy kan bid of doen in jou krisis, **of** ons kan **in geloof fokus** en **vertrou op JaHUaH se Banier** en **toelaat dat JaHUsha vir ons veg met die skerpte van die swaard,** wat **Sy Woord is.**

Waar sal ons hulp vandaan kom as ons probleme soos berge rondom ons opdoem?

Ps. 121 "Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom?
**My hulp** is van **JaHUaH** wat hemel en aarde gemaak het.
Hy kan jou voet nie laat wankel nie; jou Bewaarder **kan nie sluimer nie**.
Kyk, die Bewaarder van Israel sluimer of slaap nie.
**JaHUaH** is jou **Bewaarder**; JaHUaH is jou skaduwee aan jou regterhand.
Die son sal jou bedags nie steek nie, die maan ook nie by nag nie.
**JaHUaH sal jou bewaar vir elke onheil**; jou siel sal Hy bewaar.
**JaHUaH sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid**."

Hoe sal ons dan bid? 'n Goeie begin is om te bid soos wat JaHUsha ons geleer het in Matt. 6:9 – 13.

"Sò moet julle dan bid:
Onse Vader wat in die hemele is, laat **U Naam afgesonder word**;
**laat U koninkryk kom**;
laat **U wil geskied**, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons **daaglikse brood**;
en **vergeef ons** ons skulde, **soos ons** ook ons skuldenaars **vergewe**;
en **lei ons nie in versoeking nie**, maar **verlos ons van die Bose**.
want **aan U behoort die koninkryk** en **die krag** en **die heerlikheid** tot in e**wigheid**.
Amein.

**Ten Slotte**

Hou in gedagte dat die einddoel en beloning van ons geloof toekomstig is, naamlik die stad, **Nuwe Jerusalem**.

Ek sluit af met die geïnspireerde Woord van Elohiem.

Heb. 12:1 – 2 "Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, **die oog gevestig op JaHUsha**, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die folterpaal verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van Elohiem gaan sit het."

Fil. 2:10 “sodat **in die Naam van JaHUsha** sou **buig elke knie** van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en **elke tong sou bely dat JaHUsha Messias** JaHUaH is tot heerlikheid van Elohiem die Vader.”

Lukas 18:8 “ ……………. Maar **as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind**?”

Heb. 11:8 – 16 “Deur die **geloof** het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as ‘n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.
Deur die **geloof** het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in ‘n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-ergename van dieselfde belofte.
Want hy het **die stad verwag wat fondamente het**, waarvan die Almagtige die boumeester en oprigter is.
Deur die **geloof** het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het.
Daarom is daar ook gebore uit een *vader*, en dit ‘n verstorwene, *kinders* soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is.
In die **geloof** het hulle almal gesterwe **sonder om die beloftes te verkry**, maar hulle het dit **uit die verte gesien en geglo en begroet**, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.
Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle ‘n vaderland soek.
En as hulle bly dink het aan diè *vaderland* waaruit hulle weggetrek het, sou hulle ‘n geleentheid gehad het om terug te keer.
Maar nou **verlang hulle** na **‘n beter een,** dit is **‘n hemelse**. Daarom skaam Elohiem Hom nie vir hulle om hulle Elohiem genoem te word nie, want Hy het vir hulle **‘n stad berei**.”

Heb. 13:14 “Want ons het **hier geen blywende stad nie**, maar ons **soek die toekomstige**.”

Open. 21:10 “En hy het my in die gees weggevoer op ‘n groot en hoë berg en my **die groot stad** getoon, die **Afgesonderde Jerusalem**, wat uit die hemel van Elohiem neerdaal; en dit het die heerlikheid van Elohiem gehad, en sy lig was soos ‘n baie kosbare steen, soos die kristalhelder jaspissteen……………………. “

0-0-0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2015